Geseënde Paasfees!

Hier op Kanjanji beteken Paastyd altyd 'n groot fees om die kruisiging en opstanding van Jesus te gedenk! Almal weet ook dat die fliek, “The Passion”, die Sondag van die paasnaweek vertoon word.

Ons het Vrydagaand almal saam geëet en ons het gaste vanaf Kanada (Gordon Poultney en Milt), Namibië (Philip en Uatsjaa) en Chisamba in Zambië (Bossie en Erna) gehad.

Projekte en persoonlik

Goeie Vrydag het ek en Uatsjaa vir die kinders soetkoekiedeeg gemaak en elke kind moes 'n kruis maak wat ek dan gebak het. Sommige kinders het meer van die rou deeg gehou … Uatsjaa het toe vir hulle 'n storie vertel oor die Kruisiging.

Ons het die dissipelskapkursus by OM op Kabwe (Zambië) op 'n hoogtepunt afgesluit, nadat ons Maandagaand ons ‘gradeplegtigheid’ gehad het. Dinsdagoggend het ons samesprekings met pastoor Daniel Lilema van die *Word of Life* kerk gehad om 'n samewerkingsooreenkoms tussen OM en al die betrokke partye by Kanjanji te bewerkstellig. Ons wil baie graag sien dat alle partye saamwerk tot eer van God en dat die projek 'n verskil in die Koningkryk sal maak. Ons het ook 4 persone van ons area geïdentifiseer wat die volgende dissipelskapkursus, wat vroeg in Mei begin, gaan bywoon. Ons is almal baie opgewonde oor die toekoms van die Kanjanji en Gordon Poultney, vanaf Kanada, sal kommunikeer met die mense by Lighthouse kerk wat oorspronklik die projek begin het.

Op die volgende bladsy is ‘n foto van klein Godwin wat kom groet het. Hy is die vriendelikste klein dingetjie! Hy is spekvet en gesond en hy wil net heeltyd lag en praat. Sy surrogaatmoeder (wat hom eers nie wou gehad het nie) is baie erg oor hom.

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children

No. 44 – 15 April 2010

Gordon Poultney and Milt with us

Kids making “the Cross” with dough

Happy Easter!

Easter is a happy time at Kanjanji because we are celebrating the crucifixion and resurrection of our Lord and saviour, Jesus Christ.

We also showed the movie, *The Passion*, and we had a big meal together with guests from Canada (Gordon Poultney and Milt) Namibia (Philip and Uatsjaa) and Chisamba in Zambia (Bossie en Erna).

Projects and personal

On Good Friday, Uatsjaa and I prepared some cookie dough for the children and they each had to make a little cross which we then baked in the oven. I have to say, some of the crosses did not even get as far as the oven, because they liked the raw dough too much! Uatsjaa then told them a story based on the crucifixion.

We ended the OM discipleship training at Kabwe, Zambia, on a high note with a farewell function on Monday. Most of Tuesday morning was spent in dialogue with pastor Daniel Lilema from the *Word of Life* church, to decide how OM and all the different role players involved in Kanjanji could take hands and move forward for the glory of God and to further his Kingdom. We have also identified four Zambians from our area who will attend the next OM discipleship training which will start in early May. The idea is then to start discipleship training in our area with these four individuals at the forefront. We are very positive about the future of Kanjanji and Gordon Poultney, from Canada, will give feedback to the people at the *Light House* church, who founded this project some years ago.

On the next page is a picture of little Godwin who came to say goodbye and what a friendly little baby he is! He is the baby who was orphaned after a lightning strike. He is healthy and happy and just laughing all the time. The woman who is fostering him was a bit hesitant at first, but now she loves him like her own.

Gebedsversoeke

- Bid asseblief vir al die betrokke partye by Kanjanji. Dis lekker om saam te werk tot eer van God.
- Bid asseblief vir die kinders wat besig is met eksamens.
- Bid asseblief dat ons die 4 regte mense sal stuur vir die OM dissipelskapkursus.
- Bid asb vir goeie gesondheid.
- Sê saam dankie vir al die ondersteuning wat vir ons so na aan die hart lê – julle weet presies wie julle is!

Baie liefde en groete van almal op Kanjanji.

Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com
✉ Posbus 630677, Choma, Zambië
www.kanjanji.com

Little Godwin , the orphan, is now 4 months old

Meeting with partners

Prayer requests

- Please pray for all the role players at Kanjanji that there would just be one agenda, and that is to further God's kingdom.
- Pray for the children who are writing exams at the moment.
- Pray that we have chosen the right people to attend the OM discipleship training.
- Please pray for good health.
- Also thank God for the emotional and financial support we are getting – you know who you are!

Love and best wishes from all of us at Kanjanji.

Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com
✉ PO Box 630677, Choma, Zambia
www.kanjanji.com

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children